Anglo Boereoorlog (ABO)

"Nee, ons kan nie sê die beskawing gaan gladnie vooruit nie. In elke nuwe oorlog maak ons dan mense op 'n slimmer manier dood."
- George Bernard Shaw

Doelwit: *Om die Verkenner 'n beter begrip te gee van die Anglo Boereoorlog en die eietydse herdenking daarvan.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.

ABC: Met die aanbieding van dié spesialisasie word gefokus op Afrikanerskap deurdat die Verkenner 'n beter begrip kry van die geskiedenis van die Anglo Boereoorlog. Daar moet veral klem gelê word op die sterk Christelike geloof wat die Boere gehad het en die behoud daarvan ook na die Anglo Boereoorlog - iets wat ons vandag nog moet nastreef

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die aanbieding van die spesialisasie hoef nie aaneenlopend plaas te vind nie.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Aktief deelneem aan ten minste* **twee** *van die volgende kultuuraktiwiteite:*
   - *1.1 Kyk na 'n oudiovisuele program (skyfiereeks, film of video) oor die ABO of aspekte van die ABO en bespreek die sin en betekenis daarvan.*
   - *1.2 'n Herdenkingsprogram van die ABO of 'n tablo oor 'n aspek van die ABO.*
   - *1.3 'n Aksie waar wapens of toerusting (byvoorbeeld heliograwe) uit die ABO gebruik word.*
2. *Vertroud wees met die oorsake en betekenis van die ABO en mondeling daaroor verslag kan lewer.*
3. *'n Aspek van die ABO uitbeeld op* **twee** *van die volgende maniere:*
   - *3.1 Visueel (byvoorbeeld 'n beeld , model , tekening ,skets, video, skyfies, ensovoorts).*
   - *3.2 Ontwerp 'n speletjie.*
   - *3.3 Voer 'n tablo op tydens een of ander kamp of funksie.*
   - *3.4 Skryf 'n toneeltjie en voer dit op.*
   - *3.5 Skryf 'n gedig of 'n verhaal en lees dit voor.*
4. *'n Besoek bring aan* **drie** *van die volgende:*
   - *4.1 'n Slagveld of plek van skermutseling uit die ABO.*
   - *4.2 'n Monument of gedenkteken rondom 'n gebeurtenis uit hierdie oorlog of grafte van gesneuweldes.*
   - *4.3 'n Museum of versameling waarin voorwerpe uit die ABO vertoon word.*
   - *4.4 'n Konsentrasiekampkerkhof.*

WENKE

- *"Speel" 'n veldslag.*
- *Die volgende literatuur is bruikbaar:*
  - ~ *GROBLER, J.E.H. The War Reporter. (Hierdie boek vertel die verhaal van die ABO in groot detail uit 'n Boereperspektief.)*
  - ~ *PRETORIUS, F. Anglo Boereoorlog 1899 – 1902.*
  - ~ *SCHOLTZ, G.D. Tweede Vryheidsoorlog, 1899 – 1902.*